# STABILIS


## in this edition...



Verhaal van slawerny in VSA is 'n wenner by die 86ste Oscars BL 9

**nuus**

Die versengende hitte dié somer is tot nadeel van akademiese prestasie BL 2

Slam poet touches hearts of many P 6




**in depth**

Travel expenses escalate P 7

Ons geliefde Madiba se vredesboodskap is steeds van krag BL 2




Grey Kollege Sekondêr · Bloemfontein · Grey College Secondary · www.gcb.co.za · JAARGANG / VOLUME 48 · NO 1 · Maart / March 2014




Marcel Botha's leap epitomises effort and concentration. Photo: BJ Vorster

# Pierre Korkie's fate is still undecided

**GARY DYKMAN**

"Pierre Korkie was always smiling," according to mrs Hancke, a teacher at Grey College High School. After 23 years of dedication to Grey College as Biology teacher, mr Korkie decided to follow his vision to spread the word of God. He and his wife Yolande Korkie together with their two children then moved to Yemen where mr Korkie was appointed as a teacher and Mrs Korkie was a relief worker. They spent four years in Yemen before being captured by Al-Qaeda in May 2013. The children returned safely to South Africa.

After what seemed to be a millennium mrs Yolande Korkie was released and returned to South Africa on 13 January 2014, after intense negotiations between his employers, Gift of The Givers and Al-Qaeda.

Al-Qaeda set a deadline of 17 January 2014 for the payment of a ransom of R 32.5 million for the safe return of Pierre Korkie. Al-Qaeda also threatened the Korkie family that if they did not pay the randsom he would be executed immediately.

Despite South Africa's policy of non-negotiation with terrorists, many people donated money to the cause, urged to do so on many social media platforms. Al-Qaeda then extended the deadline by three weeks and mrs Korkie made a televised plea for mercy, without any noteworthy response. Mr Korkie suffers from a hernia and is not capable of surviving in captivity, she said. He is also said to be totally deaf by now.

Communications between Al-Qaeda were interrupted on 26 January 2014, and nothing definite has been heard since then. "We should all pray for his safe return," said mrs. Hancke.

Mrs Korkie recently visited the school and prayed for the protection and release of her husband and all people in similar situations. She obviously is unable to comment on the progress or not of any negotiations with the kidnappers. The worst of the situation is when the kidnappers retreat into silence, as the lack of news is harrowing. However the whole of South Africa awaits the release of mr Korkie.

More on page 2.



Typical Yemeni city. Photo: Supplied

# Meet the best

## *Athletics achieves a champagne season*

**ETIENNE ERASMUS**

Ten Grey athletes recently took part in the Sentraal Top 10 meet.

Many of the athletes achieved a personal best during this competition, with Grey College in the overall second position. They closely followed on the heels of HTS Louis Botha.

Noteworthy results were Janco van Huyningen coming in first in the /15 100m in a record time of 13,10 sec. This remarkable athlete was also named the Best Track Athlete of the meet.

With this depth of talent, the team is sure to impress.




## short news

### Thieves continue to target learners and parents at Grey

**MONTHATHI MALOKO**

Theft is a crime, but yet so many people still succumb to the lure of crime.

Over the past 2 months there have been reports of items stolen from parents' vehicles while they go to fetch their children after school, especially at the pre-primary school.

The most popular method of gaining access to items left in cars is the blocking of lock signals from remote devices. "Theft at Grey College is an ongoing concern, especially among the learners", says Tsio of Security for Grey College. Most of the incidents occur at the swimming pool or gym, when the owners let their guard down. Unfortunately the punishment for theft is only detention.

Learners must face the reality that leaving bags in open-access areas where there is no camera coverage is an open invitations to anyone inclined to theft.

Police are not involved as these issues are dealt with at the school. However, the Grey Security feels strongly that all cases of theft must be reported to the SAPS.

Finally it is and remains the responsibility of each learner and Grey visitor to ensure the safety of their belongings.



A wife prays for her husband's safe return. Photo: Wouter Klopper

# Opinions divided on saga

*Variety of responses received on the Korkie-kidnapping*

**DE VILLIERS NEL**

Three questions were asked of a number of respondents as to their impressions of the Korkie hostage situation and their responses were recorded and summarised. The questions were as follows:

- Do you think Mr Korkie's decision to sell up and take his family to Yemen was right?
- Should the SA government intervene to try and free him?
- Spiritually speaking, do you think he may have regrets?

To question 1, 70% of respondents feel he did the right thing; 35% believe it was not right and 5% are undecided. To question 2,25% believe the SA government should provide financial aid; 65% believe they should not and 10% cannot decide. Finally, 30% feel that he may have regrets; 65% believe that he will not regret anything and 5% have no opinion.

Raul Henney and Jean Muller in grade 12 believe," He followed his heart even though he knew there would be sacrifice involved", while James Parsons feels, "Yemen is a single-religion country where it is illegal to preach different religions. Why take the risk?' Mothusi Ndou feels that, "Spiritually it's a yes, but in every other aspect it's a no."

Samkelo Fikizolo believes that he went to Yemen by choice and not in service to his country. He also feels that while spiritually it was a good deed, it was a bad decision because he was perhaps not fully aware of the dangers. Thabile Molelo believes that "If you regret your work for God, you have lost hope."

## Geen verweer in klaskamers teen die hitte maak leerproses moeilik

**LOUIS SCHOONWINKEL**

Die somer is genadeloos – veral vir Grey Kollege waar daar geen verkoeling is nie. Met 'n gemiddelde maksimumtemperatuur van 33°C vir Januarie in Bloemfontein, het leerders sowel as personeel verswelg. Klagtes oor dié "afskuwelike hitte" was volop, onder leerders en onderwysers, wat ook meen dat produktiwiteit in die klaskamer drasties afneem.

"Dit het 'n negatiewe invloed op leerlinge en onderwysers gehad," meen me Bets Bezuidenhoudt, Engels-onderwyseres. "Energie-vlakke het teen dieselfde tempo gedaal het as wat die kwik gestyg het!"

Me Hester Roos, nog 'n Engels-onderwyseres, meen dat 'n lugverkoeler in elke klaskamer noodsaaklik is. "Die leerders en onderwysers is die hoekstene van die skool. Ons klasse is heeldag vol, ons staan heeldag en praat en beduie in die onuithoudbare bedompigheid en hitte. Ek het 'n staanwaaier en dit waai net warm lug heen en weer".

Steph Brits, graad 11-leerder, sê: "Na 'n harde dag op die sportveld kom jy uitgeput by die huis en is glad nie lus vir huiswerk of ekstra klasse nie."

Me Lettie van Wyk, Afrikaans-onderwyseres, se klaskamer in die biblioteek het lugreëling. "In die hitte kan seuns glad nie konsentreer nie."

# Election day on 7 May: To vote or not to vote, that is the question

**JACO VAN LOGGERENBERG**

South Africa's election date for 2014 is 7 May 2014 – also a public holiday. Your vote may be a sensitive topic, but all vote for a better South Africa and a leader who will do what he says and will be fair; uplifting South Africa and leading it to greatness.


The 2014 grade 12s who are eligible to vote responded as follows in a questionnaire handed out to them. Fundile Khoza said he will be voting, "Because it's my constitutional right to vote. It's an opportunity many people before me didn't have, so I don't want to waste it."

He says only some teenagers are informed enough about voting as "most of us only see the propaganda of political parties. Very few of us are exposed to their politics, goals etc."

Walter de Swardt is also going to vote to make a difference. He believes teenagers are informed enough about voting, "Because we have lived in this country for 18 years and have seen enough to know that things have to change."

Lufefe Sanga Ntondini will not be voting. "I have not registered and I don't have the insights to know which party would be the best to lead the country." He further believes that teenagers are not informed enough about voting. "Most just vote based on their parents' insight and they do not have their own idea of who they would like to vote for."

Vince Tsoenyane believes," It is my duty to lift my voice. I believe we cannot complain about government if we did not use the opportunity to nominate the leaders we want to see in power." So, it's not just a public holiday - go and vote.







## Mandela se wysheid moet nog steeds die pad aanwys

**LUAN NEL**

Volgens die onderwysers-organisasie Naptosa is die toename in rassistiese voorvalle by skole kommerwekkend. Louwrens Strydom, hoof van Naptosa in die Vrystaat en Noord-Kaap sê daar is gevalle waar die oorsprong eerder dissiplinêr as rassisties van aard was.

Grey streef om 'n nie-rassistiese en 'n nie-diskriminerende omgewing vir alle leerders te skep. Enige vorm van diskriminasie op grond van ras of kleur wat indruis teen die kernwaardes van integritieit, menswaardigheid en wedersydse respek word ten sterkste veroordeel word en daar sal opgetree word teen leerders wat hulle daaraan skuldig maak.

Professor Jonathan Jansen, rektor van die UV het 'n ope brief aan studente van die Universiteit van die Vrystaat gerig ná 'n beweerde rassevoorval op die kampus. Prof. Jansen pleit by studente om perspektief te behou en skryf: "Twee, tien of twintig studente se slegte gedrag verteenwoordig nie die gedrag van 30 000 studente nie."

Prof Jansen stel dit duidelik dat 'n minderheid van gewelddadige en haatdraende mense beslis nie die ideale en ambisies van die meerderheid verteenwoordig nie. Grey Kollege het ook reeds ver gevorder op die pad van transformasie en het ons skool ook al bewys dat die negatiewe uitwerking van rassisme oorkom kan word.

Talle vriendskapsbande is al hier gesmee oor die grens van ras. Ons speel saam in sportspanne en verteenwoordig ons skool met trots. Mandela het gesê, "I like friends who have independent minds because they tend to make you see problems from all angles". Grey Kollege eer hierdie nalatenskap.

# Juf Lettie neem die leisels oor

*Dinosourusse het nie gelees nie - kyk wat het met hulle gebeur...*

LUAN NEL

Me Lettie van Wyk hou vanjaar reeds 14 jaar by Grey skool en vertel: "Ek hou van my werk, dit bly steeds lekker om Afrikaans te gee, met jong, dinamiese seuns te werk en hul humorsin en snaaksighede te beleef." Dit is vir haar belangrik om mense nie sommer af te skryf nie, want, sê sy: "Daar is iets goeds in elkeen."

Aangesien die biblioteekpos nie meer bestaan nie, is die biblioteek, tesame met debat en redenaars, deel van haar buitemuurse aktiwiteite. Die feit dat sy 'n taalonderwyseres is met 'n passie vir letterkunde het haar die ideale kandidaat gemaak om die leisels by me Susara Fourie oor te neem.

Me Van Wyk het haar liefde vir lees gevind met die ontdekking van *Rivierplaasstories*, van Alba Bouwer. Van daaraf het sy gevind dat "met boeke kan jy wêrelde ontdek en ontvlug en kry jy letterlik kos vir die siel." Haar gunsteling skrywer is PG du Plessis. Sy glo hy skilder met woorde en sy beskou *Fees van die Ongenooides* as 'n meesterstuk waarvoor die skrywer eintlik die Hertzogprys moes gekry het.


Me Van Wyk wil graag voortbou op me Fourie se nalatenskap. Sy sê: "Ons wil die biblioteek gebruikersvriendelik hou en sorg dat dit 'n plek is om te sit, te ontspan, te lees, om navorsing te doen en te 'voel hoe daar energievelde aanwesig is' wat jou DRYF om te lees." Sy hoop om tekortkominge te identifiseer, soos bv. om meer boeke oor sokker in die hande te kry.

Hierdie baie bekwame opvolger sê daar is verrassend baie werk verbonde aan hierdie pos as dit ordentlik gedoen word. Sy beklemtoon ook hoe ongelooflik moeiteloos me Susara Fourie dit laat lyk het. Sy nooi alle leerders en onderwysers uit om versoeke te rig of om voorstelle te maak van hulle leesbehoeftes, en sy sal haar bes doen om te help.

Me van Wyk sê die Die Grey-seuns is verrassend belese. Sy moedig die seuns aan om te besef dat hulle kan ontvlug na wegkruipplekke, wat boeke is. So sal hulle wêrelde kan sien ontvou en stories in hul siel versamel, wat hulle eendag kan uitryg om ander mense te beïndruk en om 'n intelligente geselskap te kan voer. Sy beplan om kwartaalliks die top 10-boeke in die biblioteek bekend te stel en wil moontlik skrywers nooi om van hul boeke in die biblioteek bekend te stel. Die Krause-biblioteek spog met baie nuwe boeke wat jaarliks aangekoop word. Me van Wyk sê dat die Grey-leerders bevoorreg is om hierdie wye keuse van boeke op hul drumpel beskikbaar te hê.

Me Van Wyk sal verheug wees as al die leerders sommer elke week 'n paar boeke kom uitneem, maar veral as hulle besef dat lees nie 'vervelig' is nie, maar dat 'n goeie biblioteek of enige stil plek die wonderlikste ontvlugting ooit is.

Moenie rekenaarspeletjies aangryp vir ontspanning nie - lees eerder 'n boek!



Mev Lettie van Wyk in haar nuwe habitat. Foto: Henry Galloway

## kortnuus

### New Astro opens on a festive note

On 8 February this year a large number of hockey players from Grey College, old boys and parents as well as teachers, participated in the Grey College Hockey Festival. This event also marked the opening of the new Astro turf. The school paid for the turf via sponsorships and auctions.

Sixteen companies were involved, including Bobbert Auctioneers, Spar, Canon, Body Fuel, Life Rose Park Hospital, Bloemsec, Oil Shoppe, Vodacom, Medix, Remax, Horizon, Hein Koekemoer, Mazars, Consensius as well as Engel & Volkers..

### Long live Valentine's Day at Grey College

Valentine's Day - also known as the feast of Saint Valentine - started long ago in Rome on 14 February as a day dedicated to love between two people.

Even today this is a day of celebratory feast, festivals and parades - a day of sunshine, gifts and flowers. This day luckily returns every year to see "the sparks fly" once again.

It's about time for Valentine's Day to revert to the original intention - a day of love and celebration. "Valentine's Day should be a day of showing love to somebody you love," Lukas van Niekerk in grade 9 E believes.

At Grey the day is celebrated in the traditional fashion. This day of fun and excitement must never be abolished at school. Fundile Khoza in grade 12E believes, "Why abolish something that does no harm and actually alleviates the daily grind and tedium of life?" So – "If music be the food of love, play on."

# Dink mooi voordat jy steroïedes gebruik

IAN DE VILLIERS

Dr Louis Holtzhausen, een van Suid-Afrika se mees gerespekteerde sportdokters verbonde aan die UV het onlangs die Grey-seuns toegespreek op 'n reguit, eerlike manier oor die werklike risiko's vebonde aan die gebruik van steroïedes en ander vorme van opkikkers. Grey het onlangs aangekondig dat hy toestem tot toetsing van leerders wat sport beoefen om te bepaal of hulle enigsins sulke middels gebruik.

Dr Holtzhausen het verduidelik dat die winkels wat die middels verkoop geensins omgee of dit help vir verbeterde sportprestasies nie; vir hulle gaan dit net oor die geld aangesien die middels geweldig duur is. 'n Verdere verbasende onthulling was dat die baie duur proteienpoeier wat baie mense gebruik nie soveel proteien bevat as twee eiers nie; selfs melkpoeier bevat meer proteien as die proteienpoeier.

Die fisiese risiko's moet enige jong seun afskrik. Die werklikheid is dat die geslagsdele aansienlik kan krimp; seuns kan borste ontwikkel; sal aknee kry - selfs op die rug en arms en hulle sal onbeheerbare aggressie en woede-aanvalle beleef.

Die middels kan ook lei tot onomkeerbare onvrugbaarheid. Dr Holtzhausen het interessante feite vertel van Duitse soldate wat met bulsaad ingespuit is om hulle aggressie en spierkrag in die Tweede Wêreldoorlog te bevorder. Heidi Kriegler, 'n voormalige Oos-Duitse Olimpiese atleet het weens die oormaat testosteroon wat sy ingeneem het, klein testes ontwikkel en sy moes uiteindelik 'n geslagsverandering ondergaan.

Hoekom word dit dan steeds gebruik? Die waarskynlikste is dat dit toegeskryf kan word aan toenemende druk van ouers en afrigters om te presteer, groepsdruk of selfs 'n verwronge begeerte om beter te wees as waartoe die mens normaalweg fisies in staat is.

Die invloed wat mediaberigte en foto's, flieks en rekenaarspeletjies op die onrealistiese verwagtinge van 'n seun het, mag ook nooit onderskat word nie. Vele ontwikkelende seuns is miskien skaam vir hulle gebrek aan indrukwekkende spiere en word dan verlei deur "quick-fixes".


Enige seun wat hoor van al die gevare verbonde aan die gebruik van die middels en steeds aanhou om dit te gebruik, sal hopelik na Dr Holtzhausen se praatjie besef dat hy eintlik sy lewe in gevaar stel.

Geen groepsdruk of honger na prestasie en voorkoms behoort enige regdenkende mens na sulke uiterstes te dryf nie.



Dr Louis Holtzhausen verduidelik die negatiewe aspekte van steroïedes. Foto: Elandré van der Walt

makro BLOEMFONTEIN
Supports Grey College



## late news

### A looming shadow darkens the country

TIMOTHY DU PLESSIS

The recent unexpected incident of load shedding probably took SA by surprise. There were repeated warnings and cautions to limit electricity use, but this didn't help at all.

In this specific scenario, the powers that be issued a statement to the effect that this was the result of coal which became wet due to unexpected heavy rains. This seems to be a flimsy excuse because rain is not unknown in South Africa and coal can probably be protected from rain.

A vision of a future with limited electricity is grim, especially with reference to the situation at Grey College and all other schools.

There will be no lights, no air conditioning, no computers will function and the school siren will be of no use. In the hostels there will be no light to study by, no food preparation with electric stoves and no hot water provided by electric geysers.

## important dates

**28 March: Schools close**
/15 Rugby tour (Paarl)
Athletics SA Championships (Limpopo)
Voortrekker camp (Doornkloof)
Tennis SA Championships
**7 April: Schools re-open**
**21 April: Family Day**
**27 April: Freedom Day**
**28 April: Public holiday**
ABSA Academy starts
**29-30 April: School Holidays**
**1 May: Workers Day**
**2 May: School Holiday**

# Angelo marches to own beat

*His poetry is more than just a love song*

TSHEPA SEQEBO

This year's on Valentine's Day in the Reunie Hall, Angelo Arendse in grade 11 delivered a love poem he wrote, "The Story of my Life." While Angelo was speaking, Tshiamo Sethoba in grade 11 accompanied him on the piano. The poem is a story about a man and a woman who had to separate even though they still loved each other.

Angelo's performance is a fairly modern type of poetry called 'slam' poetry, which is less rigid than conventional poetry.

After his performance, a number of boys and teachers went to Angelo to congratulate him. "Grey College has very talented boys," said the head girl of St Michael's school, Daisy Sempe.

During the 2013 December holidays, Angelo performed the same poem at a slam poetry competition in Heidedal. His dream is to go to America and perform his poetry there and he is inspired by Rudy Francisco. Tshepang Mokalake, one of Angelo's friends in grade 11 says, "Angelo's decision to go into poetry was bold and this inspires me to make bold decisions too."

This further goes to prove Grey College not only paves the way for academic life at university but it also gives boys a chance to become good citizens, people who contribute to society. Unfortunately, Grey College cannot offer every possible cultural activity there could be. Poetry doesn't exist as an official cultural activity at Grey. The only thing the school can do is support him and many other boys in the school who have similar dreams.



Slam poet Angelo on Valentine's Day. Photo: Elandré van der Walt

# Skool bied wye verskeidenheid aktiwiteite vir leerders

IAN DE VILLIERS

Die dae wat Grey net as 'n "rugbyskool" geken was is lank reeds iets van die verlede. Rugby is egter nog steeds een van die belangrikste kenmerke van Grey en word daagliks uitgeleef. Grey is tog immers een van die beste, indien nie dié beste rugbyskool in die land.

Vandag is Grey Kollege wêreld-bekend vir sy diverse aanbieding van verskillende sportsoorte en kulture. Alhoewel rugby die voorkeur in die verlede gekry het is dit nie noodwendig meer die geval nie.

Deesdae blink Grey uit op alle gebiede wat sport, kultuur en akademie insluit. 'n Goeie voorbeeld is die jaarlikse musiekfees van hoogstaande gehalte.Grey se tafeltennis is al vir die laaste paar jaar nommer een in die Vrystaat en lewer deurlopend uitstekende uitslae.

Die uitstekende uitslae van minder"gewilde en bekende" aktiwiteite geniet egter nie altyd die erkenning wat dit verdien nie. Mustaffa Zakhura in graad 11 voel dat die tafels bv in 'n baie swak toestand is en dat dit nie by ander sportsoorte geduld sal word nie.


Grey se krieketspanne is van die beste in die land en het al spelers soos Hansie Cronjé en Ryan Mclaren opgelewer.

Die skool blink ook uit in jong, vinnig-groeiende sportsoorte soos bergfietsry en die span het laasjaar tweede geëindig in Suid-Afrika. Grey presteer uitstekend op die gebiede van tennis, sokker, hokkie en swem.

Akademiese uitslae is oor die algemeen skitterend en 2013 se matriekjaar was in dié opsig een van die mees suksesvolle jare in Grey se geskiedenis.

Supporter of Grey College
FNB
First National Bank
How can we help you?

Coca-Cola Fortune (Pty) Ltd
Supports Grey College Sport
Coca-Cola




# Nuwe personeel word deel van die familie

DYLAN BARNES

Grey Kollege het die 2014 nuwe personeellede met ope arms verwelkom. Die personeel is Marnie le Roux, Alri van Schalkwyk, Chris Muller, Fritz Mynhardt, Marnus van Wyk, Corné van Rooyen, Martie Fourie, Trudie Strauss, Liezel Einkamerer en Karen Venter. Me Marnie le Roux sê: "My pad het met Grey gekruis toe ek in 2013 hier kom proef het. Die gedrewenheid en trots van beide die onderwysers en seuns was opvallend." Me Alri van Schalkwk sê: "Daar was geen spesifieke insident wat my laat kies het om na Grey te kom nie, maar ek is bly ek het die besluit geneem." Sy sê saalperiodes en die kreet gee haar hoendervleis.

Me Karen Venter sê: "Ek kon dit nie glo toe ek die advertensie in die koerant sien vir 'n onderwyspos by Grey nie. Ek het 'n kans gewaag en my CV ingedien. Ek het geweet dat Grey presies die tipe skool is waar ek onderwys wou gee, 'n skool met ryk tradisies, waar lewensbeginsels en waardes van belang is, waar 'n jong onderwyser leiding ontvang vanaf meer ervare onderwysers en die beste onderwysers word wat hulle kan wees, en waar leerders trots is om deel te wees van iets besonders, 'n skool waar hulle die beste kan wees as individue en ook deel van 'n span. Ek hou daarvan om in my klas te stap en al die seuns toon respek deur op te staan en my te groet; ek is nie gewoond daaraan nie. Ek vind dit bevrydend om deel te wees van 'n seunsskool waar daar baie tradisies is, waar seuns geleer word op mekaar sowel as die ouer garde te respekteer, waar waardes steeds belangrik is en die feit dat elke seun 'n geleentheid gebied word om die beste onderrig moontlik te ontvang en om uit te blink in buitemuurse aktiwiteite. Die personeel is uiters toegewyd en ek het welkom gevoel van die eerste dag af. Ek hou daarvan om deel te wees van so 'n dinamiese span en hoop om vir nog baie jare deel te wees van die Grey-familie."

Die beduidende aantal nuwe onderwysers kan ook help om die las van die geweldige hoeveelheid buitemuurse aktiwiteite oor naweke te dra. Dit is alreeds opmerklik hoeveel van hierdie personeel alreeds getoer het.

Al die nuwe personeellede deel dieselfde positiwiteit en met so 'n gesindheid, kan Grey net verder vooruitgaan.



Trotse nuwe lede van die Grey-familie. Foto: Henry Galloway

# Die tong is magtiger as die swaard

*Versigtige woorde dra baie meer gewig as wat 'n mens sou kon dink*



Niel Bezuidenhout oortuig mede-leerders van sy standpunt. Foto: Wouter Klopper

**JULIUS ZERWICK**

Die Grey-redenaarsrondte het dié kwartaal op die 3de Maart vir die eerste keer by die skool plaasgevind. Tien leerders het deelgeneem en elke spreker, van junior tot senior, moes sy toespraak aan die gehoor voordra. Volgens me Lettie van Wyk, hoof van redenaars en debat, was dit die meeste inskrywings nog.

Na elke spreker sy mening gelug het, word hy deur die beoordelaar aangespreek oor enige aspekte waar hy kon verbeter het. "'n Skoolrondte is waardevol want dit is 'n goeie ysbreker om die sprekers gewoond te maak aan die redenaarsopset, beoordelaars en gehoor," sê Niel Bezuidenhoudt, matriekleerder en senior spreker wat al op nasionale vlak deelgeneem het.

Volgens Niel help redenaars leerders om belangrike vaardighede te ontwikkel, soos om krities oor aktuele sake te dink. "Deur aan redenaars deel te neem kry jy die geleentheid en leer om voor mense op te tree en ontwikkel jy selfvertroue," sê me Van Wyk.

Me van Wyk voel baie positief oor die kwaliteit van redenaars, omdat elke spreker gemaklik mense kan oortuig van 'n standpunt. Daar is ook elke jaar leerders wat vorder tot by die provinsiale rondte.

"Die skoolrondte sal verseker dat sprekers gereed is vir die ATKV-kompetisies, dat redenaars baie sal verbeter en sprekers meer sal ontwikkel," sê Francois Venter, afrigter en beoordelaar van Grey redenaars en debat.

Me Van Wyk meen dit was hoogtyd dat die skool 'n interne rondte hou want dit berei sprekers voor, sodat hulle nie die eerste keer by die streeksrondte voor mense praat nie.

"Die land het 'n tekort aan mense wat hul mening en standpunt op 'n logiese wyse kan oor bring, mense wat hulle sê kan sê en mense daarvan oortuig. Dit is die motivering agter die redenaarsklub; die land kort redenaars om apatie en belangeloosheid teen te werk en om leerders reg te leer praat," sê Niel.

Dit is redenaars se missie om die vaardigheid van openbare redevoering en debattering te bevorder. Volgens me Van Wyk word die missie bereik.

## staccato

Rapid growth of the Bloemfontein City Orchestra is evident

**PAUL LOEB VAN ZUILENBURG**

'The Bloemfontein City Orchestra was founded in March 2012 by musician Paul Loeb van Zuilenburg and lawyer Dieperink Möller, who saw the need for a community orchestra where amateurs and professional musicians could be part of spectacular musical productions. This orchestra has grown astonishingly.

The aim of the orchestra management has been to produce a new and innovative programme that marries the traditional symphony orchestra with contemporary music whilst including visual and other effects to create an extraordinary experience for both the players and the audience.

Since its inception, the orchestra has played to full halls. Programmes have included *Queen in Concert* with Joseph Clark in the Sand du Plessis Theatre, *All That Jazz I & II*, 'n Tas Vol Lloyd Weber (which won an award at the Vryfees) and *Classics & Cinema*.

The 2014 season will include *Space Odyssey*, *The Armed Man* by Carl Jenkins, *an American concert*, a rock concert, a stage musical and a performance at the Macufe Festival.

## Die Voortrekkers ontwikkel leerders op baie vlakke

**ANDRÉ BELLINGAN**

Aan die begin van Februarie het die Grey Voortrekkers op die Windmill-velde 'n inligtingskamp saam met sommige van die ouers gehad, waar die seuns 'n onthaalkursus gedoen het.

Twee weke later het die seuns 'n handvaardigheidskursus gedoen waar hulle geleer het van verskillende knope. Elkeen van hulle het op hierdie kursus ook 'n braairooster gemaak. Die Grey Voortrekkers is deel van die President MT Steyn-kommando. Oranje Meisieskool is ook deel van hierdie kommando.


Die provinsiale kamp is 28 Maart tot 2 April waar al die Voortrekkers sal deelneem in 'n verskeidenheid kursusse wat strek van nutsman-aktiwiteite en dansvaardighede tot 'n wildbeheer en veldkuns-kursus. "Die Voortrekkers se doel is om jong mense geleentheid te gee om in leierskap, burgerskap en Christenskap voor te berei," meen mnr Pieter Viljoen, hoof van Grey se Voortrekkers.




Grey en die Fort op Doornkloof het een ding in gemeen - die jaar 1855. Foto: Verskaf

HOBBIT
BOUTIQUE HOTEL
ESTABLISHED 1993
★ ★ ★ ★

SPESIALE NAWEEKAANBOD
R600 per kamer per nag. Ontbyt ingesluit.



Jannie van der Westhuizen (Oud-Grey)
TEL / FAX (051) 447 0663
CELL 083 324 8099
info@hobbit.co.za · www.hobbit.co.za
19 PRESIDENT STEYN AVE · WESTDENE · BLOEMFONTEIN




# Konflik moet hanteer word

Dis nie lank sedert die eerste dag van skool aangebreek het nie. Dit voel soos gister wat die graad 8's baksteen in die hand en bord om die nek voor die saal gestaan het vir oriëntasie.

Dit was juis by daardie oriëntasie waar hulle vertel is van die legendariese eenheid wat Grey is. Toe ek hoor hoe die prefekte die jong 'brakke' toespreek oor hoe hulle soos een familie moet saamstaan, het dit my laat dink: Hoe vaar die eenheid nog in die Grey familie?


Mnr Volsteedt het vele male gesê : "We are not black, nor white. We are Grey." 'n Meer treffende slagspreuk sal jy nie sommer kry nie. Grey moet egter meer as net verdeeldheid tussen wit en swart oorkom. Die gaping tussen Afrikaans en Engels is steeds groot en nes in die moderne Suid-Afrika, is daar groot kulturele verskeidenheid by Grey.

Grey het nog altyd samehorigheid onder sy leerders gekweek, maar met die groeiende verskeidenheid van taalgroepe, rasse en kulture het dit al moeiliker geword. Steeds is Grey, ten spyte van dié verskille, 'n hegte eenheid wat deur die kleurbaadjie en das wat elke Grey-brak dra, saamgehou word.

Ja, dit gebeur wel dat konflik ontstaan. Geen instansie is foutloos nie. Maar wanneer rusie tussen leerders ontstaan, moet dit nie uit verband geruk word en deur omstanders as iets rasse-geörienteerd beskou word nie. Daar kan soms wel sulke ondertone wees, want Suid-Afrika dra wel soms maar swaar aan die gewig van geskiedenis. Maar hier by Grey kan dit nie meer 'n faktor wees nie.

Geen leerder is alleen op 'n eiland nie en nêrens in die wêreld sal jy die lewe ervaar as dieselfde klein mikrokosmos soos wat die nou in jou klas mag wees nie. Doen jou deel, moenie jou vuiste bal nie want dit gaan juis die teenoorgestelde uitwerking hê as wat vrede verpersoonlik.

Die hele Suid-Afrika praat deesdae die taal van versoening – van Biskop Tutu tot Professor Jonathan Jansen by die UV. Ons praat saam, met oorgawe. Almal van ons moet self-ondersoek toepas – is jy ten volle verbind aan die proses? Jou klas-omgewing toon nie noodwendig die demografie van hoe Suid-Afrika lyk nie. Jy sal in die wêreld moet kan oorleef – in vrede en met verdraagsaamheid. En dit begin hier. Nou.







## Stylvolle gedrag van swemspan beïndruk

*Geagte Redakteur*

Ek het die naweek van 6 Februarie die Affies-gala bygewoon, waar Grey Kollege een van die deelnemende skole was.

Die Grey-seuns se voorkoms en gedrag het loshande uitgestaan bo die res! Dit het my dus nie verbaas toe die telbord ook in julle guns was nie.

Ek wil julle prys, Grey Kollege! Julle was in alle opsigte onberispelik. Die styl waarmee julle dié geleentheid aangepak het, het my as toeskouer geweldig beïndruk. Netjies geklee, het die swemspan heeltyd saam gesit en hulle spanmaats deurentyd heelhartig ondersteun.

Ook in die restaurant waar die hele span saam geëet het, het dié "Grey-gentlemen" hulle puik gedra.

Ek wil julle swemspan, toesighoudende onderwysers en skool geluk wens met die merkwaardige manier waarmee julle dié geleentheid benader het.

"Well done, Grey". Hou so aan!

***Affie-ouer***

# Opgee is nie 'n opsie vir haar nie

## *Die 'grande dame' van Grey deel haar gedagtes met Kassel Rothmann*




**Mevrou Hancke en Kassel Rothmann geniet Six Cokes by Grey Together.** **Foto: Henry Galloway**

**KASSEL ROTHMANN**

*Ons het einde 2013 gehoor dat Juffrou gediagnoseer is met borskanker. Hoe het hierdie ontstellende nuus Juffrou se lewe beïnvloed?*

Dr Sanet Botha, wat kanker by my gediagnoseer het, Dr MP de Jager wat my geopereer het en Dr Susan Fourie, my onkoloog, het almal 'oud-Grey-seuns' en het almal besef hoe belangrik dit vir my is om my laaste jaar by Grey te geniet. Ek het vir mnr Scheepers gevra of ek maar mag aanhou skoolhou tydens my behandeling en hy het ingestem. Ek het 'n ongelooflike dankbaarheid oor my vandat ek dit gehoor het. Ek sien klein dingetjies in die lewe nou meer raak en dit is vir my baie belangrik.

*Watter boodskap het Juffrou vir iemand wat deur 'n moeilike tyd gaan?*

Ek klou altyd vas aan Matt. 6:34 - "Moet jou nie oor môre bekommer nie. Môre sal sy eie bekommernisse bring." Ek glo ook daarin om die mense om jou met soveel liefde te behandel dat hulle jou in moeilike tye sal omvou.

*Juffrou tree af aan die einde van die jaar. Wat is Juffrou se planne na aftrede?*

"I want to cover the earth before the earth covers me." Ek en my man gaan reis, letterlik die wêreld vol. Ek gaan ook meer tyd met my kleinkinders spandeer en hulle sommer net geniet en bederf.

*Wat sal die een ding wees wat Juffrou nog sal wil sien by Grey?*

Ek wil baie graag 'n Grey 'musical' met uitreksels van Andrew Lloyd Webber sien, waaraan die hele skool deelneem.


## Redaksielys 2014

**KERNREDAKSIE**
**Hoofredakteur:** Kassel Rothmann
**Subredakteur: Nuus**
Ian de Villiers
**Subredakteur: Sport**
Jason Long
**Subredakteur: Diepte**
Niel Bezuidenhout
**Subredakteur: Joernaal**
CF Marais
**Subredakteur: Kultuur**
Julius Zerwick
**Hooffotograaf:** Henry Galloway

**NUUSREDAKSIE**
Tshepa Seqebo, Luan Nel, Louis Schoonwinkel, Jaco van Loggerenberg, Monthathi Maloko, Dylan Barnes, Timothy du Plessis, Gary Dykman

**SPORTREDAKSIE**
Louwrens van Heerden, Frans-Hendrik Badenhorst, Christopher Schreuder, Bremer Visser, Hugo Richter, Etienne Erasmus, Wian Mouton, Lebo Molefe

**DIEPTEREDAKSIE**
James Parsons, Keo Matshele, Matthew Barnard, Johan Griesel, Jorge Gomes, Albert Potgieter

**KULTUURREDAKSIE**
André Bellingan, Daniel von Eschwege, Paul Loeb van Zuilenburg

**JOERNAALREDAKSIE**
Izak Adendorff

**KUNSTENAARS**
Darren Louw, Dian Beukes

**FOTOGRAWE**
Wouter Klopper, SJ Coetzee, Johann Sonnekus, BJ Vorster, Elandré van der Walt, Frans-Hendrik Badenhorst (vryskut)

# Work harder in school when you should

**JORGE GOMES**

There are almost seven hours of school in a full school day; seven hours most of us would prefer to avoid. Despite this there are still learners who take extra classes and spend more time at school. Do they actually enjoy school, or do they have some other reason?

According to a grade 11 learner, "It's not that I enjoy school, I just want to do better." Several other learners had a similar response. Most of these learners take extra mathematics or science classes. Those who take language extra classes say that they are not regularly exposed to the language, so they take extra class to improve their understanding.. Others still take subjects that do not form a part of Grey's subject choices. For them it is about learning something they are actually interested in. The majority of people taking extra classes, though, take extra classes for subjects they already have at school.

Why would learners go so far out of their way for extra classes? One learner's response was that his parents force him to. However, another learner said, "I feel more comfortable being taught individually."

The teachers at Grey have to work with a large number of learners, whereas extra classes have much fewer people. It is one of the main reasons learners prefer extra classes. The small sizes of the extra classes allows for individual attention for a learner. In the words of an anonymous learner, "Everyone is different, some people can work in a big class, but I find it easier to work individually, at my own pace."



**The small upper window is allegedly the origin of this ghostly school myth.** **Photo: BJ Vorster**

# Florence is a sympathetic ghost

## *Grey lady loves comforting the sick and is nothing to be feared*

**KEO MASHELE**

Paranormal folklore has been popular for as long as stories have been told. The existence of supernatural beings has not been proven nor has it been disproved, but there have been many claims of visits from the supernatural in the hostels, particularly from Florence Meiring, also known as The Grey Lady.

According to Mr Dries van der Wal, Florence was a nurse at a small hospital now the shooting range on the school's campus. She was born in 1922 and died at the age of 25. Nobody knows the exact cause of her death, although she is falsely rumoured to have died in a fire at the old Leith House. Mr Ludwig Koekemoer believes she is a friendly spirit, and only makes appearances when someone is sick or hurt.


There are very few who have actually seen Florence, but Mr van der Wal has seen her several times. He says, "I was back from an operation and lying in bed, when I felt someone pull at me from behind. I looked up and saw a vague apparition of a grey lady, standing over me."

Brill House and Murray House also have similar stories of spirits within these hostels, particularly Brill House. Last year, 3 dorms from Brill house apparently saw a ghostly figure at the tennis courts. It was described as a woman with black hair and a white dress ground. The dorms which are apparently haunted in Brill house are dorms 20, 31, 32, 33, and 35. Students in these dorms are known to have random episodes of paralysis. Sanga Ntondini says, "I was trying to go to sleep, when I suddenly could not move. When I finally could, I panicked and left the room."

There is an old rumour that one night, a student in the dorm woke up and saw a lady walking around in the dorm. He felt paralysed and could not speak or move. He lay on his bed and watched her walk from bed to bed, till she walked out the dorm. When asked if he believes in ghosts after his experiences, Mr van der Wal replied, "I don't believe in ghosts or spirits, but there are some things we cannot explain. I can't tell you exactly what it is, but there is definitely something."

# Hoë brandstofprys ry toere in die wiele

**ALBERT POTGIETER**




**Alle toerbehoeftes gaan duurder word.** **Foto: Henry Galloway**

Talle faktore beïnvloed toerkostes, een waarvan die brandstofprys is.

"As daar gekyk word na busse wat buitelugskool toe gegaan het, was daar 'n jaarverhoging van 10,75% in die prys per bus" sê mnr. JR Prins, sportorganiseerder.

Die reël dat busse nie tydens 22:00 en 05:00 op die paaie mag wees nie, is ook 'n rede vir die toename. Ekstra kostes soos verblyf, iets om te eet die aand asook 'n kospakkie vir die oggend moet nou in berekening gebring word. "Dit alles saam kan lei dat 'n toer maklik R200-R400 per persoon meer kan kos, nadat die skool reeds 'n gedeelte gefinansier het," sê mnr. Prins. Onderwysers wat gereeld saam met die seuns toer, verkies om eerder deur die nag terug te ry op voorwaarde dat daar twee bestuurders op die bus is. Dan word daar nie kosbare familietyd verspil nie.

Die meeste ouers stem saam met die onderwysers. Carl Winkelmann, pa van gr 10- en 12-seuns meen as sy seuns eerder Sondagoggend vroeg by die huis kan aankom, kan hulle die heeldag aan hul akademiese werk aandag gee. Nico Prinsloo wonder "hoekom slaap ons oor en spandeer R200 – R400 per persoon ekstra terwyl meeste verkies om eerder deur die nag te ry?" Die reël is net gebaseer op leerder-veiligheid.

Mnr Scheepers sê: "'n Mens kan nie finansies aan 'n Grey-seun se lewe koppel nie." Daar is baie ander faktore soos bv. die tyd van die toer sowel die aantal passasiers en ook salarisse van bestuurders wat toer-onkostes beïnvloed. Mnr. Prins verseker almal dat Big Sky die beste maatskappy is om te gebruik. Hulle kwoteer op die hele bus, of die skool 1% van die bus of 100% gebruik, die prys bly dieselfde terwyl ander maatskappye 'n tarief per sitplek vra. Big Sky stuur ook een of twee werktuigkundiges op toer as busse in 'n groep beweeg. Hulle verskaf hierdie diens teen geen addisionele kostes.

# Skool is nou tot barstens toe vol

**NIEL BEZUIDENHOUT**

Die afgelope paar jaar moes Grey baie aanpas by die groot aantal leerders wat in die klaskamers geakkommodeer moet word. Toenemende druk van die Departement van Onderwys se kant af om meer kinders te aanvaar het veroorsaak dat Grey besig is om na sy maksimum kapasiteit toe te beweeg.

Daar is talle veranderings aangebring om al die seuns in die klaskamers te akkommodeer. Mnr. Paul Potgieter het die volgende voorbeelde gegee: "In beide graad 8 en 9 is daar ekstra Engelse klasse geskep sowel as 'n ekstra Afrikaanse graad 8 klas. Daar is ook ekstra klaskamers omskep by C1 (ou gastekamer) en A31 (ou finansies-kantoor). Ekstra onderwysers is aangestel, permanent en deeltyds. Die 6 dag siklus is ook na 7 dae vermeerder."

Die grootste probleem lê egter by vanjaar se graad 8's waarvan daar 281 leerders is in vergelyking met laasjaar se 230.

Mnr Alex Els meen: "Die aantal seuns het 'n invloed op die gedrag en dissipline. Dit het 'n invloed op onderwysers se klasaanbieding." Ander kwessies wat ook beïnvloed word is die hoeveelheid kinders op stoepe, parkeerplek, paaie en sportvelde wat alles besig is om onvoldoende te raak vir die massa leerders.



# The why and wherefor of subject changes in grade 12

**JAMES PARSONS**


Many grade 12 learners are now deciding to make subject changes in what is hopefully their final year. The question is, why now?

Some learners have found certain subjects to be irrelevant in the field of study they wish to pursue, others have lost interest in the subject but the most prominent reason is that learners feel they won't be able to cope with the level of work of the CAPS syllabus for these subjects.

Two subjects that have been traded the most are Mathematics for Mathematical Literacy, and Physical Sciences. With the implementation of the CAPS syllabus the standard of work and regulations has increased to such a degree that some learners find it almost impossible to cope with the higher standard of work.

The reason for the new syllabus is to allow a higher better standard of work for the universities. These new regulations mean that previously struggling students will now find it even more difficult to meet with the standard of work. Jamie Grobbelaar in grade 12 said that he had changed Life Sciences for Geography and Technical Drawing for Business Studies. He said the reason for this change was "I found it difficult to cope with the level of work in all my subjects and be able to maintain the same level of effort in every subject."

Some learners also moved to different educators in January because they find it easier to work under certain circumstances presented by different educators. Other learners have grown used to associating a subject with a certain teacher and would find it easier to continue working with that specific teacher.



**Nelson Mandela groet leerders tydens sy eerste en enigste besoek aan Grey in 1994. Foto: Verskaf**

# Fischertrust dra leerders steeds

## *Grey herdenk Madiba se stigting van studiefonds vir behoeftige leerders*

**JOHAN GRIESEL**

Presies 72 jaar nadat advokaat Bram Fischer, gewese leier van die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party in 1925 aan Grey Kollege in Bloemfontein gematrikuleer het, is hy op 28 November 1997 by in sy alma mater vereer toe oud-pres. Nelson Mandela 'n gedenktrust-fonds vir minderbevoorregte kinders en toekomstige leiers ter ere van hom bekend gestel het.

Fischer was 'n lid van die verdedigingspan in die 1964 Rivonia-verhoor, waarin Nelson Mandela weens hoogverraad lewenslange tronkstraf gekry het. Fischer, die breinkrag agter die feit dat Mandela se lewe gespaar is, het self in 1966 lewenslange tronkstraf gekry weens sameswering tot sabotasie.

Nadat hy met kanker gediagnoseer is, is hy in 1974 vrygelaat om by sy broer, in Bloemfontein, sy laaste jare deur te bring. Hy sterf in Mei 1975 in sy broer se huis in President Reitzlaan, Westdene.

'n Broerskind, adv Pieter Fischer, van Bloemfontein het gesê dat "die hoofdoel van die fonds is om minderbevoorregte seuns met akademiese- of sport-potensiaal te help om aan Grey te studeer."

Die plan om Fischer te vereer, het ontstaan toe oud-premier Patrick Lekota in 1996 op 'n onthaal in Grey se Reüniesaal ter viering van die SAKP se 75ste bestaansjaar voorgestel het dat iets ter herdenking van Fischer gedoen sou word.

Lekota was in daardie stadium op Grey se Beheerraad. 'n Trustfonds is geregistreer, waarvan Patrick Lekota, Pieter Fischer en ander lede van die Grey Reünie onder andere trustees is.

Met sy versoenende toespraak by die bekendstelling van die Bram Fischergedenktrust, sy Afrikaanse aksent wat hom, soos hyself gesê het "soos 'n tokkelossie laat klink", 'n hoesie waarmee hy die gehoor se simpatie gehad het en Madiba-hemp het Mandela diep in die harte van die Grey-seuns in Bloemfontein ingekruip. "Madiba is our hero!" het hulle hom in 'n volgepakte Reünie-saal toegesing, daarna hulle *war cry* geskree en die plankvloer laat dreun het.

Daar was sterk kritiek oor die Madiba-besoek aan Grey. Die Vryheidsfront het beswaar gemaak dat "leerlinge wat hulle nie met hierdie politieke verering van die SAKP kan vereenselwig nie, geen keuse gehad het as om die seremonie by te woon nie." Mnr Johan Volsteedt het in kommentaar gesê dat "niemand gedwing is om die plegtigheid by te woon nie."

In 2014 het 5 seuns vol- of gedeeltelike beurse uit die Bram Fischertrust ontvang. Mnr Johan Volsteedt is van mening dat: "die waarde van die trust veral daarin lê dat Grey aan die voorpunt van opvoeding en onderrig bly."

Die volhoubaarheid van die trust sal bepaal word deur die bydraes van Oud-Greys, ouers en maatskappye wat die waarde van Grey vir die Vrystaat en Suid-Afrika besef.

"Education is the most powerful weapon to change the world." Grey vereer Mandela vir hierdie woorde.







# Think before wasting your dad's money

**JOHAN GRIESEL**

It has always been a difficult decision to choose a course to further your education after matric. It is a decision that affects the rest of your life and should not be taken lightly. Many factors lead to the choice one has to make regarding which tertiary institution to choose. Bradon de Witt a grade 11 learner jokingly said, "I want to go somewhere I can party." People want to go to a university where they can enjoy themselves but also get a degree and learn skills that will help them in life.

South Africa is blessed with a number of good universities. Bloemfontein has three universities: the Central University of Technology, the University of the Free State and Vista University. According to the QS 2013 world rankings, the University of Cape Town is 145th in the world, Wits 313th and Stellenbosch is 387th - the three highest ranked South African universities. UCT is ranked the best university in Africa and Wits is the university in South Africa whose alumni earn the highest salary. Your university of choice has much to do with the course that you plan on studying as certain universities are better to go to than others for specific courses. The University of the Free State is ranked highly for their medical and architectural faculties.

Where a matriculant chooses to study should depend on what he wants to study, the price and the reputation of the university. If students cannot afford to pay university fees they can take out a low interest loan. Banks tend to charge lower interest on student loans than on other loans and the students can start paying the loans back when they start working. One can apply for a bursary as many institutions offer bursaries. It is not easy to obtain a bursary and one must do well academically or excel on the sports field to have a realistic chance of getting one. First year fees at the University of Pretoria range from R27400-R48550. This is just an indication of how expensive studying can be.




**Are friends inclined to apply to the same institutions? Photo: Henry Galloway**

# The heartbeat of the school slows down as the day draws to a close

*Is the time slot of assembly weakening the once famous spirit of Grey?*




Assembly takes place twice a week, on Monday and Friday. The purpose of assembly on a Friday is to read out sport and culture results of the past week. But above all, the purpose of assembly on Fridays is to build unity and spirit amongst learners before an inter-school's or big sporting event.

The assembly singing is a tradition passed along many generations. It symbolises that Grey is not a thousand individuals but one school. For this reason, the Reunie Hall is often described as the heart of Grey College. The boys are the life blood of the school and their spirit determines if the heart is healthy or not.

Spirit is one of the factors that set us apart from other schools. The school's spirit can be our greatest asset or our worst liability. A positive spirit can motivate learners, whereas a negative spirit among learners can break down the school. Unfortunately, the atmosphere, or spirit of the learners in assembly has diminished and it thus seems that the 'heart' of the school is weakening.

One of the reasons for this is that the time-slot for assembly changed. Assembly used to be at 10:00 and usually a guest speaker came to address and motivate the learners. Many interesting people have addressed the learners during assembly in the past – Gary Player, Gaeton McKenzie and Professor Johnathan Jansen, to name a few. Last year, the time-slot for assembly was moved to 12:15. The change was brought about to benefit academic time, as assembly often continued into the next period as well as to prevent learners from bunking classes after assembly.

Unfortunately, this has had an adverse effect on the school's spirit. After an exhausting week, no one has the energy to go and sit in a hot hall at noon. Everyone wants to get it over and done with. Tired learners in the hall degrades Grey College's image - the singing is half-hearted, the learners are fidgety. In the last couple of weeks, learners were actually found bunking assembly - a rare offence in the past.

Assembly has become a functional formality only to impart information. Grey College's heart rate was strong and energetic; it has become slow and laboured.

## *12 Years a Slave* - 'n Man se stryd vir oorlewing en vryheid

*Genre: Biografie / Drama*
*Regisseur: Steve McQueen*
*Telling: 8.5/10*

**IZAK ADENDORFF**

In die tydperk voor die Amerikaanse Burgeroorlog, word Solomon Northup (Chiwetel Ejiofor), 'n vry, swart man van New York, verraai, ontvoer en as 'n slaaf verkoop in die suide van Amerika.

Die fisiese en emosionele wreedheid van slawerny en die onmenslikheid en brutaliteit van die slawe-eienaars word in *12 Years a Slave* uitgebeeld. Een so slawe-eienaar is Edwin Epps (Michael Fassbender). Van die ander slawe eienaars toon egter onverwagte weldade aan Solomon.

Na twaalf jaar kry hy uitkoms toe hy Samuel Bass (Brad Pitt), 'n Kanadees en 'n teenstaander van slawerny ontmoet.

Die storie gaan ewe veel oor fisiese mishandeling sowel as die emosionele ontmensliking wat slawe beleef het. Om verraai te word en om nie erkenning vir jou menswees te kry nie, is van die ergste ervarings wat 'n mens kan beleef.

Solomon se storie eindig goed. Hy het moed gehou en bly vertrou en sy omstandighede te bowe gekom. Sy vriende het na jare hom kom opsoek en uit slawerny bevry en hy is weer herenig met sy gesin.

*12 Years a slave* is 'n fliek wat jou laat dink. Dit is nie ligte vermaak nie en word nie vir sensitiewe kykers aanbeveel nie.

Die fliek het Oscar-toekennings gekry, waaronder Beste Rolprent en Beste Ondersteunende Aktrise wat as bewys dien dat dit beslis die moeite werd is om te kyk.

## Teens enjoy 'clean' fun at *Colour me Crazy*

*Colour me Crazy* is a music festival with a unique twist. On 8 February 2014 the skies above Woodlands Venue were alive with colour. *Colour me Crazy* is all about bringing people of all ages together - dancing, running and having fun to the sound of awesome music.




"We are so excited to be bringing this amazing festival to Bloemfontein," said Travis Brown, co-founder of *Colour me Crazy*. "Bloemfontein is yet to see a colour festival on this scale and we cannot wait to show them what it is all about. We hope the city is prepared for the colour storm that is *Colour me Crazy.*" That did indeed seem to be the case.

The festival began with each participant receiving three bags of assorted colours. These colours are non-toxic corn starch powders and perfectly harmless. Only white clothing was allowed as the colours obviously show up clearly on the white background.

Everyone participated in the *Colour Me Crazy* 5km run. During the race, each participant passed a colour checkpoint at every kilometre, where they were pelted with colour powder from blue, red and yellow to green and pink. Each station was named after its particular colour.

After the run, participants enjoyed the musical skills of the various performing musicians: global music icons such as *Dr Victor and the Rasta Rebels*, Matthew Mole and the local Bloemfontein band *Oros in 'n Lang Glas*. Pascal and Pierce, a dj duo with energetic, enthusiastic and, above all, rocking music, were among the musicians who entertained the crowd.

The day was filled with explosions of colour, music and fun and hundreds of teenagers attended this massive event at Woodlands Venue. The event was sponsored by OFM, Vodacom 4U and many others and this initiative should be supported because it is good, clean fun for teenagers.

***- Dr Grey***



**Crowds enjoy musical talent at *Colour me Crazy*. Photo: Supplied**



## results

### Affies Athletics Meet

**First places**

| | | |
|---|---|---|
| Jannes Schlebusch | | |
| /14 | *Javelin* | *56,76m* |
| Wyclef Vlitoor | | |
| /14 | *Long jump* | *5,95m* |
| Herman Agenbag | | |
| /14 | *Shot put* | *14,33m* |
| Janco van Heyningen | | |
| /15 | *100m* | *12,00 sec* |
| Janco van Heyningen | | |
| /15 | *100m hurdles* | *14,06 sec* |
| Dawid Kriel | | |
| /15 | *High jump* | *1,70m* |
| Nico Prinsloo | | |
| /16 | *400m hurdles* | *59,18 sec* |
| Nico Prinsloo | | |
| /16 | *Long jump* | *6,02m* |
| Heinrich Bruhns | | |
| /16 | *400m* | *52,09 sec* |
| Heinrich Bruhns | | |
| /16 | *800m* | *2:02,4* |
| Heinrich Bruhns | | |
| /16 | *1500m* | *4:22,46* |
| Gerrie Koegelenberg | | |
| /16 | *Javelin* | *52,49m* |
| Hano Bezuidenhout | | |
| /17 | *400m hurdles* | *56,79 sec* |
| Ruben Fraser | | |
| /17 | *Javelin* | *53,11m* |
| PC Coetzer | | |
| /17 | *High jump* | *1,85m* |
| Daniël Rust | | |
| /17 | *Shot put* | *17,07m* |
| Philip Botha | | |
| /19 | *Shot put* | *15,29m* |
| Hendrik Maartens | | |
| /19 | *100m* | *11,35 sec* |
| Hendrik Maartens | | |
| /19 | *200m* | *22,84 sec* |
| Naudé van Zyl | | |
| /19 | *High jump* | *1,80m* |
| Llewellyn van Wyk | | |
| /19 | *400m* | *52,41 sec* |

# Upgrade of astro revives hockey

*Proper surface can usher in more success*

**LOUWRENS VAN HEERDEN**

During the past vacation Grey's hockey facilities were upgraded with the replacement of the old astro turf which will hopefully give Grey hockey a kick start looking to the season ahead.

The opening function of the astro was held on 8 February 2014 and brought in 17 sponsors. Numerous hockey matches took place throughout the day. Teachers, pupils, parents and old boys took part in the matches, whereafter various old Greys' rugby, hockey and cricket jerseys were auctioned to provide funding for the upgrades.

During the coming vacation Grey hockey will be taking part in three NOMADS tournaments, which are, according to first team coach Wayne Coetzee the toughest boys' hockey festival in the country.

The fixtures are as follows: the u14 side will be travelling to Hilton College from 3- 6 April. The u16 side will be travelling to Wynberg Boys High School from 28 March – 2 April. The u18 side will be travelling to King Edward VII school from 28 March – 2 April.

The first team are looking to end within the top 10 schools in the country by the end of the season and return unbeaten from NOMADS.

Top coaches have being employed for the hockey sides this year and the pre-season has went extremely well, according to Coetzee. Three derby day matches will also take place in the build-up to the teams leaving for NOMADS against Queens College, Waterkloof and Potchefstroom Gymnasium. Teams will also be taking part in warm up matches against various local teams. The structures which have been put in place will bring Grey closer to their goals, said Coetzee.

Coetzee was asked what his personal views are on the upcoming season and he responded positively saying: "I don't want to talk too soon and predict the unpredictable, but I believe that we have a strong group of boys that are fully motivated to take Grey closer to the goals set out by them. I am positive the year will bring a lot of positive highlights throughout the season."



Raymond de Villiers in action on new astro. Photo: Wouter Klopper

# Lang geskiedenis van muurbal rugsteun immergewilde sport

**FRANS-HENDRIK BADENHORST**

Muurbal het in Suid-Afrika posgevat tydens die 20ste eeu deur die invloed van die Britse Militêre magte. Die eerste bane is by die *Johannesburg Country Club* en *Pretoria Squash Club* gebou en was wyer en langer as die huidige moderne bane.

Sedert 1925 het muurbal in gewildheid begin toeneem en in 1930 word die baan verander na die huidige grootte en ook onder dak geplaas. Hierna is bane ook gebou in Durban en Kaapstad. So vroeg as 1910 het Suid-Afrika reeds die eerste land ter wêreld geword wat 'n nasionale beheerliggaam vir muurbal gestig het.

Muurbal bied uitstekende kadiovaskulêre oefening en is in 2003 deur *Forbes Magazine* aangewys as die gesondste sport om te speel. Die gewildheid van die sportsoort kan sekerlik toegeskryf word aan die feit dat dit 'n baie goeie manier is om jou hele liggaam 'n goeie "work-out" te gee en dat jy binne een uur ongeveer 600 – 1000 kalorieë (3 000 – 4 000 kj) kan verbrand.

Mnr Fanie Reynders is sedert 2013 die hoof van muurbal. Volgens hom was die afgelope toernooi by St Andrews baie moeilik, omdat die span bestaan uit baie jong spelers. Daar sal moet gebou word aan 'n span en daarom gaan bywoning van oefeninge as baie belangrik beskou word, asook fiksheid. Hierdie aspek was ter sprake tydens die afgelope toernooi, want spelers val vas tydens die laaste "potte".

Van Zyl Cilliers, 'n graad 11-leerling asook muurbal-speler, sê : "Ek glo die feit dat die bane nuut oorgedoen is, voeg ekstra waarde toe tot die goeie sportfasiliteite wat Grey bied."







# Sustained improvement inspires players

**LEBOHANG MOLEFE**

In South Africa Grey College can be regarded as probably the best-known school when sport in general is mentioned. The school maintains a very high level of performance in rugby, cricket and hockey. Can the same be said of water polo?

"Our water polo teams are doing relatively well, especially the junior teams, but it is not yet up to the standard where we want it to be," says Mr Flos Pretorius, head of water polo at the school. The first water polo team did not quite live up to expectations in 2013 and the hope was expressed that 2014 would be a more successful year.

In 2013 the most disappointing results were the losses against Paul Roos Gymnasium and "Affies" during the interschools played against these schools. These schools are not really regarded as water polo 'powerhouses', meaning that the poor results against them were not seen in a good light by the school's water polo fraternity.

The first two tournaments in 2014 unfortunately did not dispel any fears that this year would be a repetition of the disappointing 2013 season. At the ITEC tournament, hosted by Grey, the team struggled to compete against some of the best schools in the country and lost all their matches except one.

During the annual Vides tournament, held at Selborne College in East London, the team improved greatly and finished the tournament in sixth place out of 15 participating schools. This is a clear indication that the water polo players have improved over the past year and they can look forward to more good results during the rest of the season.

In this tournament it was clear that the first team played with a different, more positive approach, which definitely paid off.



Johann van Deventer readies himself to shoot. Photo: BJ Vorster

# Atlete mik steeds na die sterre

## *Uitslae op byeenkomste plaas Grey telkens onder die eerste drie in SA*

**ETIENNE ERASMUS**

Atletiek word by Grey Kollege hooggeag, en is een van die mees gewilde sportsoorte onder die leerders. Elke jaar neem verskeie leerders aan byeenkomste reg oor die land deel.

Die afgelope seisoen het verskeie byeenkomste plaasgevind: *Grey Champs*, Sone 1, Affies Uitnodigingsbyeenkoms, HTS Uitnodingsbyeenkoms en Sentraal se Top 10-byeenkoms.

Die *Grey Champs* was 'n reuse-sukses, waar al die leerders in die skool in klasverband kon deelneem. Verskeie rekords is op die dag gebreek: Daniël Rust het die o/17 gewigstoot-rekord verbeter, met 'n afstand van 16,78m.

Gerrie Koegelenberg het uitgeblink in die gewigstoot vir seuns o/16, en het die rekord verbeter met 'n afstand van 16,26m. 'n Groot aantal atlete het gekwalifiseer vir Sone 1.

Meer as 30 eerste plekke was op dié dag (Sone 1) behaal deur die Grey-atlete. Die beste atleet van die dag was Daniël Rust met 918 punte, in die seuns o/17-gewigtoot.

Die Affies Uitnodigingsbyeenkoms het aan die begin van Februarie plaasgevind en vele Grey-atlete beskou dit as een van die lekkerste toere van die jaar. Gerrie Koegelenberg het dit so gestel: "Die jaarlikse Affies Uitnodigingsbyeenkoms is beslis die lekkerste atletiektoer van die jaar, en almal sien altyd uit daarna. Alhoewel dit hierdie jaar baie nat was, het die atlete nog steeds goed presteer."

By hierdie byeenkoms het Grey se atlete 26 goue medaljes en 25 silwer medaljes verower. Heinrich Bruhns, met drie goues, is aangewys as die beste middelafstand-atleet van die dag.

Die Sentraal Top 10-byeenkoms is 'n byeenkoms waar die beste skole, landswyd, hulle tien beste atlete inskryf om teen mekaar, in spanverband, te kompeteer. Deelnemende skole het onder andere ingesluit Paul Roos van Stellenbosch en HTS Louis Botha.

Grey het goed presteer en het algeheel tweede geëindig. Grey se top 10 atlete is: Janco Van Heyningen, Daniël Rust, Nico Prinsloo, Francois Agenbag, Ruben Marnewick, Hano Bezuidenhoudt, Hendrik Maartens, Hannes Reynecke, Philip Botha en Jacques Grobler. Jacques Grobler is as atletiekkaptein vir 2014 aangewys.



**Schalk Lombard (regs) het vanjaar deelgeneem aan die skool se kleure-atletiek, beter bekend as die *Grey Champs*. Foto: BJ Vorster**

# Swemmers bevestig hul gehalte by Westville en Affies

**BREMER VISSER**

Swem is een van die mees onderskatte sportdissiplines in Grey. Die prestasies wat gedurende hierdie seisoen deur die swemmers bereik is, bewys hierdie stelling.

Die eerste hoogtepunt van die van die jaar op die kalender is die jaarlikse Grey Gala, waar Stad en Koshuis mekaar die stryd aangesê het in die skool se swembad. Eunice en Oranje het gesorg vir die broodnodige ondersteuning - hulle het gesorg dat die nie-swemmers ook iets gehad het om na te kyk...

Zane Waddell was die ster van die aand. Hy verbeter nie minder nie as 4 rekords, waarvan 3 al sedert 2008 op die rekordboeke is. Hy samel altesaam 40 punte in en word slegs oortref deur Cullen Thomas, wie 66 punte vir sy span insamel. Uiteindelik wen Stad die gala en moet Koshuis wag tot volgende jaar om wraak te neem.

"Grey guts" gee die deurslag by die jaarlikse Affies vriendskaplike gala. Tot en met die laaste item trek Grey en Pretoria Boys High nog kop aan kop, maar na oorwinnings deur die o/14-, o/15-, o/17- en o/19-spanne die kruipslagaflosse wen, word die swemmers as oorwinnaars gekroon.

Westville in Durban word algemeen beskou as die sterkste skool in swem in die land. Amper soos Grey se rugby, net met meer water. By die Westville-gala kompeteer die swemmers teen 10 ander skole, waaronder gerekende skole soos Hilton College en Glenwood. Die Grey-manne swem dat die water spat en eindig 'n kortkop agter Westville in die algehele tweede plek.

By die Interhoër volg totale oorheersing Twee Grey-manne behaal elkeen 'n goue vyfkuns, wat ook meebring dat hulle as die Junior en Senior Victor Ludorum aangewys word op die kompetisie. Cullen Thomas en Zane Waddell is die twee trofee-wenners.

Grey herhaal sy prestasie van vorige jare deur die spankompetisies in alle ouderdomsgroepe te wen en ook die trofeë vir duik in te palm. Die geskiedenis herhaal homself.



**By die Grey-gala het Oranje bankvas agter Stad gestaan terwyl Eunice in Koshuise se kamp was. Foto: BJ Vorster**

# Toernooie by Clarens en Magersfontein bevestig gehalte

**HUGO RICHTER**

Die Grey-manne het omtrent hul stempel al afgedruk by gholftoernooie hierdie jaar. Die eerste vier Vrystaat / Noord-Kaap-toernooie is almal deur Grey-spelers gewen.

Steven le Roux, Therion Nel en Attie van Wyk, wat ook die top-drie spelers by Grey is, het hulself weereens op die gholfbaan bewys. Die Bloemfontein Gholfklub Junior Ope, wat vroeg in Januarie plaasgevind het, is deur Le Roux gewen. Nel het die eerste plek verower by die Clarens Junior Ope wat by *Clarens Golf Estate* van 8-9 Februarie aangebied is. Van Wyk het eerste geëindig in beide die Noord-Kaap Junior Ope by Kimberley Gholfklub en die Magersfontein Junior Ope by die Magersfontein Gholfklub.

Van Wyk, Nel en Le Roux wat eerste, tweede en derde op die skool se ranglys is, gaan ook deelneem aan die SA Seuns o/19-kampioenskappe. Die eerste kampioenskap vind plaas by Umhlali Country Club.

Tydens 'n onderhoud met Van Wyk sê hy dat hy positief is oor die jong en opkomende spelers. Hy meen dat daar nog baie toernooie deur Grey-spelers in die nabye toekoms gewen sal word.

Wilco Nienaber is die eerste leerling van Grey Kollege wat die Grey Gholf Kampioenskappe al in graad 8 kon wen en is die jongste lid van die eerstespan.

Mnr Gawie Grobbelaar, gholf-organiseerder by Grey, sê: "Wilco is 'n baie goeie speler met die regte kop op sy skouers." Hy meen ook dat Wilco die senior gholfers 'n bietjie op hul tone hou, wat goed is vir die sport by die skool.

## uitslae

### KRIEKET

**Grey High PE**

**Eerstespan**

Grey High behaal 63 almal uit. Grey behaal 64 vir 1 paaltjie. Grey Kollege wen met 9 paaltjies.

**Eerstespan (20/20)**

Grey High behaal 128 vir 7 paaltjies. Grey behaal 129 vir 4 paaltjies. Grey Kollege wen met 6 paaltjies.

**Tweedespan**

Grey High behaal 229 almal uit. Grey behaal 215 vir 7 paaltjies. Wedstryd eindig onbeslis

**0/15A**

Grey High behaal 142 almal uit. Grey behaal 145 vir 1 paaltjie. Grey Kollege wen met 9 paaltjies.

**0/14A**

Grey High behaal 260 vir 6 paaltjies. Grey behaal 116 vir 4 paaltjies. Wedstryd eindig onbeslis

**Pretoria Boys High School**

**Eerstespan**

Pretoria Boys High behaal 200 almal uit. Grey behaal 201 vir 9 paaltjies. Grey Kollege wen met 1 paaltjie.

**Tweedespan**

Pretoria Boys High behaal 209 almal uit. Grey behaal 176 almal uit. Pretoria Boys High wen met 33 lopies.

**0/15A**

Grey behaal 270 vir 8 paaltjies. Pretoria Boys High behaal 183 vir 8 paaltjies. Grey wen met 87 lopies.

**0/14A**

Grey behaal 71 almal uit. Pretoria Boys High behaal 75 vir 4 paaltjies. Pretoria Boys High wen met 6 paaltjies.




MEDICLINIC
BLOEMFONTEIN

24-UUR NOODSENTRUM 0800 051 051

ONS NOODSPAN STAAN REG OM TE HELP IN ENIGE MEDIESE NOODGEVAL.

KUNDIGHEID WAT JY KAN VERTROU.

# SPORT

## gholf



Magersfontein Junior Ope toets standaard van gholfspan

## hockey



Improved astro jump starts season in style

## squash



Popularity of the fast game is confirmed by a variety of quality tournaments

Grey Kollege Sekondêr · Bloemfontein · Grey College Secondary · www.gcb.co.za · Maart / March 2014

# T20-sukses span kroon op die jaar



Reinhardt Bezuidenhout, openingskolwer van die eerstespan, in aksie teen Hoërskool Noord-Kaap. Foto: Jacques Schreuder

## *Krieketprestasies volg op harde werk en toewyding*

**CHRISTOPHER SCHREUDER**

Op en oor die pawiljoen, ses lopies! Aitsa! Grey Kollege se eerstespan het geskiedenis gemaak, toe hulle Hoërskool Noord-Kaap in die eindstryd van die Knights-streek van die nasionale T20-kompetisie geklop het. Grey kon nog nooit daarin slaag om as kampioen van die Knights-streek gekroon te word nie.

Die gevaarlike boulaanval van Grey het 'n uitstekende vertoning gelewer deur Noord-Kaap uit te haal vir 80 lopies. Spel is gestaak vir 40 minute as gevolg van reën en weerlig. Dit het nogtans nie Grey van stryk gebring nie en met 'n uitstekende kolfvennootskap tussen Reinhardt "Bushy" Bezuidenhout en Raynard van Tonder, het Grey die wedstryd met 9 paaltjies gewen.

Grey verteenwoordig nou die Knights in die nasionale T20-kompetisie wat later in die jaar sal plaasvind.

"My spanmaats motiveer meer vir my voordat ek eers daaraan kan dink om hulle te motiveer. Die spelers weet daar is geen ruimte om nie jou beste op die veld te gee nie, want daar is talle ander spelers wat alles sou gee om vir die eerstespan te kan speel" sê die kaptein, Christiaan Geel.

Grey het sover 'n uitstekende seisoen en is nog onoorwonne in 2014. Grey het al top spanne soos Grey High School en King Edward School VII verslaan. Christiaan Geel sê: "Ek weet ons sleutel tot sukses is harde werk. Daar is 'n gesegde – 'Hard work beats talent unless talent works hard'".

Daar is verskeie spelers wat tans op topvorm is. Raynard van Tonder het al een honderdtal en vier vyftigtalle teen 'n gemiddeld van meer as 80 lopies aangeteken. Hy sê: "Die rede vir my sukses is vroegoggende en laatmiddae se oefening, selfdissipline en afrigters wat in jou glo."

Fritz de Beer het ook twee honderdtalle en vier vyftigtalle aangeteken, teen 'n gemiddeld van meer as 60 lopies.

Die boulwerk van die eerstespan dra ook by tot hierdie seisoen se sukses. Die gevaarlike boulaanval het Grey High School, wat nommer een op die ranglys was, vir 67 lopies uitgeboul.

Sien uitslae op bl 11.

## sport kalender

**2014**
**TWEEDE KWARTAAL SPORTBEPALINGS**

27-29 Maart
Atletiek: SA's – Limpopo

29 Maart – 1 April
Tennis: SA Hoërskole week

3-5 April
Atletiek: SA Jeug en Junior Kampioenskappe

5-6 April
Biathlon: SA's – Potchefstroom

11-13 April
Muurbal: VS Geslote

14-19 April
Swem: SA senior nasionale kampioenskap – Durban

16-19 April
Tennis: St Stithians Paastoernooi - Johannesburg

18-21 April
Rugby: Kearsney Easter Festival - Durban

26-30 April
Rugby: Wildeklawer – Kimberley

9-10 Mei
Interskole: Affies – Pretoria

17 Mei
Interskole: Selborne – Bfn

22-25 Mei
Tennis: Kearsney Toernooi – Durban

23-24 Mei
Interskole: Paarl Boys High – Paarl

27 Junie-8 Julie
Tafeltennis toer: Maleisië en VAE

adidas
Official sponsor of Grey Rugby

Clover
Way Better™
Official sponsor of Grey Rugby




vivid designs 082 576 3143